

HOOFSTUK

1

# Die verbruiker

Hierdie hoofstuk fokus op verbruikers. Jy gaan meer leer oor die faktore wat 'n invloed het op die inkomste- en bestedingspatrone van Suid-Afrikaanse huishoudings. Jy gaan leer hoe om begrotings op te stel. Jy gaan meer leer oor die verskillende soorte bankrekenings en die verskillende betalingsmetodes. Ons gaan kyk na die Nasionale Kredietwet en die Wet op Verbruikersbeskerming. Jy gaan leer oor organisasies wat die regte van verbruikers bevorder. Jy gaan leer oor die korrekte prosedures om te volg wanneer jy as 'n verbruiker wil kla. Die geheuekaart hieronder skets die inhoud van hierdie hoofstuk in meer besonderhede.

**Die verbruiker**

**Inkomste en uitgawes van Suid-Afrikaanse gesinne**
- Bronne van inkomste
- Bestedingspatrone
- Faktore wat 'n invloed het op bestedingspatrone

**Die huishoudelike begroting**
- Die huishoudelike begroting as 'n instrument vir die bestuur van finansiële hulpbronne
- Die beginsels van begroting
- Stappe vir die opstel van 'n huishoudelike begroting
- Korrektiewe stappe om 'n begroting te laat klop

**Die bankwese en betalingsmetodes**
- Soorte bankrekenings
- Bankkoste
- Metodes vir die aankoop van goedere en dienste
- Krediettransaksies
- Vergelyking tussen kontant- en krediettransaksies

**Die gebruik van tegnologie vir betalings**
- Internetbetalings
- OTM-betalings
- Kredietkaarte
- Debietkaarte
- Selfoonbetalings

**Beleide en praktyke vir die beskerming van verbruikers**
- Die Nasionale Kredietwet
- Die Nasionale Kredietreguleerder (NKR)
- Registrasie van kredietverskaffers by die NKR
- Verbruikersregte wat verband hou met krediettransaksies
- Rentekoerse en ander koste wat gehef word
- Die Nasionale Verbruikerstribunaal
- Roekelose uitlening en mikrolenings
- Piramideskemas

**Kredietburo's**
- Wetgewing oor kredietburo's
- Kredietinligting oor verbruikers soos aangeteken deur kredietburo's
- Verbruikersregte en swartlyste
- Wet op Verbruikersbeskerming
- Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde

**Verbruikersorganisasies**
- Wat is 'n verbruikersorganisasie?
- Funksies van 'n verbruikersorganisasie
- Nie-regeringsorganisasies vir verbruikers
- Regeringsorganisasies vir verbruikers
- Ander verbruikersorganisasies
- Nasionale Verbruikersforum

**Kanale vir verbruikersklagtes**
- Soorte verbruikersprobleme en -klagtes
- Prosedure om 'n klag in te dien
- Waar kan verbruikers gaan kla?

**Skakel met …**

Hoofstuk 5
- Behuising en interieurs



OS Afr CS Gr 11 LB Promo final 23-4-12.indb 9 2012/04/23 11:52 AM



HOOFSTUK

2

# Voedsel en voeding

Hierdie hoofstuk gaan oor voedingstowwe, die dieetkundige behoeftes van die verskillende verbruikersgroepe, die interpretasie van dieetkundige inligting, individuele energiebehoeftes en voedselkontaminasie. Hierdie inligting stel verbruikers in staat om verstandige voedselkeuses te maak wat hul gesondheid en algemene welstand sal bevoordeel.

Die geheuekaart hieronder verduidelik die inhoud van hierdie hoofstuk in meer besonderhede.

**Voedsel en voeding**

**Voeding**
- Voedingstowwe
- Funksies en bronne van makrovoedingstowwe
- Funksies en bronne van mikrovoedingstowwe

**Interpretasie van dieetkundige inligting**
- Tabelle vir aanbevole dieetkundige inname
- Voedselsamestellingstabelle van die Mediese Navorsingsraad

**Voedselfortifisering**
- Die Nasionale Opname oor voedselverbruik en voedselfortifisering

**Dieetkundige behoeftes van die verskillende verbruikersgroepe**
- Swanger vroue
- Ma's wat borsvoed
- Babas
- Kleuters
- Jong kinders
- Jong volwassenes
- Volwassenes
- Bejaardes
- Persone wat siek is of herstel
- Individuele energiebehoeftes

**Voedselkontaminasie**
- Oorsake van voedselkontaminasie
- Maatreëls vir die beheer van voedselkontaminasie
- Voedselvergiftiging



OS Afr CS Gr 11 LB Promo final 23-4-12.indd 57 2012/04/23 11:53 AM




HOOFSTUK

3

# Die elemente en beginsels van ontwerp

Die fokus van hierdie hoofstuk is ontwerp. Ons gaan na die teorie van kleur sowel as na die elemente en beginsels van ontwerp kyk. Ons gaan dink oor hoe om dit wat ons geleer het, toe te pas wanneer ons klere vir onsself of vir ander mense en sagte meublement vir leef- en werkruimtes kies.

Die geheuekaart hieronder skets die inhoud van hierdie hoofstuk in meer besonderhede.

**Die elemente en beginsels van ontwerp**

**Kleurteorie**
- Terminologie, eienskappe, klassifikasie en kenmerke van kleur
- Die kleurwiel
- Kleurkombinasies

**Die elemente en beginsels van ontwerp**
- Die elemente van ontwerp:
  - Lyn
  - Fatsoen
  - Vorm
  - Ruimte
  - Tekstuur
  - Kleur
- Die beginsels van ontwerp:
  - Proporsie
  - Balans
  - Ritme
  - Klem
  - Harmonie

**Toepassing van die elemente en beginsels van ontwerp: Die keuse van klere**
- Gebruik die elemente en beginsels van ontwerp om die verlangde effek te verkry wanneer klere gekies word
- Pas kennis toe wanneer verbruikers raad gegee word oor die koop van klere

**Toepassing van die elemente en beginsels van ontwerp: Binnenshuise ontwerp**
- Gebruik die elemente en beginsels van ontwerp om die verlangde effek in binnenshuise ontwerp te verkry
- Hoe gemaak met probleemareas?

**Sluit aan by …**

Hoofstuk 7
- Die teorie van klereproduksie
- Die teorie van die produksie van meubelstowwe
- Die teorie van brei en hekel
- Die teorie van laslappiewerk met die hand



OS Afr CS Gr 11 LB Promo final 23-4-12.indb 101 2012/04/23 11:53 AM



HOOFSTUK

4

# Vesels en tekstielstowwe

In hierdie hoofstuk gaan jy uitvind hoe verskillende tekstielstowwe gemaak word. Jy gaan ook na 'n reeks tekstielafwerkings kyk wat die manier waarop 'n tekstielstof onder spesiale omstandighede of spesiale toestande reageer, verander. Hierdie inligting is belangrik wanneer klere of meubelstowwe gekoop word. Dit sal ook 'n invloed hê op die manier waarop die artikel versorg moet word, insluitende die was, droogskoonmaak, tuimeldroog en stryk daarvan.

Die geheuekaart hieronder verduidelik die inhoud van hierdie hoofstuk in meer besonderhede.

**Vesels en tekstielstowwe**

**Tegnieke vir tekstielkonstruksie**
- Weef
  - Gewone weef
  - Satynweef
  - Glanssatynweef
  - Keperweef
  - Dobbieweef
  - Jacquard-weef
  - Poolbinding (lussie en sny)
- Breiwerk
  - Inslagbrei
  - Skeringbrei
- Gebinde (nie-geweefde) tekstielstowwe

**Afwerkings van tekstielstowwe**
- Afwerkings wat die voorkoms van tekstielstowwe verander
  - Kalandering
  - Bosselering
  - Sanforisering
  - Merserisering
- Afwerkings wat die tekstuur van tekstielstowwe verander sowel as hoe dit hanteer en drapeer
  - Stysel
  - Pluising en borseling
- Afwerkings wat die gedrag van tekstielstowwe verander
  - Vlamtrae afwerking
  - Statiese beheer
  - Afwerking wat bestand is teen vlekke en vuilheid
  - Antibakteriese afwerking
  - Waterbestande en waterwerende afwerking
  - Kreukeltrae afwerking
  - Drupdroog-afwerking

**Eienskappe van tekstielstowwe**
- Visuele en taktiele eienskappe
  - Drapeergehalte
  - Kleurvastheid
- Duursaamheid
  - Sterkte
  - Slytweerstand
  - Frummeling
  - Sonligbestandheid
- Gemak
  - Elastisiteit
  - Dimensionele stabiliteit
  - Absorpsievermoë
  - Hittegeleidingsvermoë
  - Hitteretensie
- Instandhouding
  - Krimptraagheid
  - Reaksie op water, chemikalieë en skoonmaakprosedures
  - Reaksie op hitte
  - Vlekbestandheid of vlekvrylating
  - Kreukeltraagheid

**Sluit aan by …**
Hoofstuk 7
Die teorie van klereproduksie
Die teorie van die produksie van meubelstowwe
Die teorie van laslappiewerk met die hand



OS Afr CS Gr 11 LB Promo final 23-4-12.indb 125 2012/04/23 11:53 AM



HOOFSTUK

5

# Behuising en interieurs

In hierdie hoofstuk kyk ons na behuising en interieurs. Jy gaan meer leer oor verskillende aspekte om in ag te neem wanneer jy beplan hoe om die ruimte in 'n huis te gebruik. Jy gaan oefen om die simbole te interpreteer wat in huisplanne gebruik word. Jy gaan die mees algemene soorte vloerplanne bestudeer en nadink oor faktore om in gedagte te hou wanneer bestaande huisplanne beoordeel word. Jy gaan uitvind hoe om die ruimte in 'n huis te beplan met funksionaliteit, veiligheid en toeganklikheid in gedagte. Jy gaan leer hoe om planne op te trek vir die rangskikking van meubels, bergplek en die beligting vir 'n huis.

Jy gaan die gebruike en eienskappe van verskillende materiale wat vir die vervaardiging van meubels gebruik word, bestudeer sodat jy 'n ingeligte besluit kan neem wanneer jy meubels kies. Jy gaan boonop meer leer oor 'n paar van die kriteria wat verbruikers kan gebruik om meubels te beoordeel wanneer hulle moet besluit of hulle die meubels wil koop of nie.

Die geheuekaart hieronder verduidelik die inhoud van hierdie hoofstuk in meer besonderhede.

**Behuising en interieurs**

**Ruimtebeplanning**
- Interpretasie van huisplanne
- Soorte vloerplanne, funksies en sonering, verkeerspatrone, oriëntering
- Faktore wat in ag geneem moet word wanneer bestaande huisplanne beoordeel word
- Ruimtebeplanning by werkareas, rusareas en sosiale areas
- Planne vir die rangskikking van meubels, bergplek en beligting

**Evalueringskriteria om te gebruik wanneer meubels gekoop word**
- Geskiktheid vir behoefte of funksie
- Ekonomie
- Sterkte en duursaamheid
- Die estetiese
- Menslike faktore
- Omgewingsverantwoordelikheid
- Verantwoordelikhede van verbruikers voor en na die aankoop van items

**Die keuse van meubels**
- Gebruike en eienskappe van verskillende materiale:
  - Hout
  - Metaal
  - Glas
  - Plastiek
  - Bamboes
  - Rottang
- Gestoffeerde meubels

**Skakel met …**
Hoofstuk 1
Die verbruiker



OS Afr CS Gr 11 LB Promo final 23-4-12.indb 141 2012/04/23 11:54 AM



HOOFSTUK

# 6

# Entrepreneurskap

In hierdie hoofstuk gaan jy leer hoe om te bepaal of 'n sake-idee potensiaal het om 'n suksesvolle sakegeleentheid te word. Jy gaan na verskillende maniere kyk om te toets of 'n teikenmark 'n spesifieke produk sal koop. Jy gaan ook leer hoe om lede van jou teikenmark te oortuig dat jou produk aan hul vereistes voldoen.

In Graad 10 het jy geleer hoe om die prys vir 'n produk vas te stel. In hierdie hoofstuk gaan jy uitvind hoe om produksiekoste te bereken en kyk na die faktore wat 'n invloed het op die berekening van pryse vir 'n produk.

Die geheuekaart hieronder verduidelik die inhoud van hierdie hoofstuk in meer besonderhede.

**Entrepreneurskap**

**Sakegeleenthede vir tuisgemaakte produkte**
- Identifiseer 'n potensieel winsgewende sakegeleentheid
- Formuleer die idee en spesifikasies vir 'n produk
- Faktore om in ag te neem by die keuse van 'n geskikte produk vir kleinskaalse produksie

**Konseptoetsing en behoeftebepaling**
- Konseptoetsing
- Behoeftebepaling
  - Meningspeilings
  - Vraelyste
  - Waarneming
  - Persoonlike onderhoude

**Produksie**
- Produksiekoste
  - Primêre koste
  - Bedryfskoste
- Faktore wat produksiekoste beïnvloed
  - Grond en natuurlike hulpbronne
  - Arbeid
  - Kapitaal
- Die berekening van produksiekoste

**Bemarking**
- Bemarkingsproses
  - Situasie-ontleding
  - Bemarkingstrategie
  - Besluite oor die bemarkingsmengsel
  - Implementering
  - Beheer
- Kernbeginsels van bemarking
  - Produseer wat klante wil hê
  - Ontleed die mededingende voordeel
  - Teiken spesifieke markte
  - Skep winsgewende afsette
  - Groei netwerke en bou verhoudings
- Die lewensiklus van 'n produk
  - Bekendstelling
  - Groei
  - Volgroeidheid
  - Afname

**Berekening van die verkoopprys**
- Die berekening van die verkoopprys van 'n produk
- Die berekening van die winsdrempel



OS Afr CS Gr 11 LB Promo final 23-4-12.indb 161 2012/04/23 11:54 AM



HOOFSTUK

7

# Die teorie van praktiese werk in Verbruikerstudies

In Hoofstuk 7 kry jy die geleentheid om jou teoretiese kennis op die proef te stel. Jy sal voortbou op kennis van Graad 10 deur gevorderde metodes vir praktiese werk te gebruik. Die hoofstuk sluit die vyf opsies vir praktiese werk in Graad 11 in: die teorie van voedselproduksie (Eenheid 1), die teorie van kleding- en sagte meublementproduksie (Eenheid 2 en Eenheid 3), die teorie van breiwerk en hekelwerk (Eenheid 4) en die teorie van laslapkwiltwerk met die hand (Eenheid 5). Die vereistes vir die maak van gehalteprodukte vir kleinskaalse produksie wat relevant is vir al vyf die opsies, is ingesluit in Eenheid 6.

Die breinkaart hieronder dui die inhoud van hierdie hoofstuk aan en wys hoe dit met die teorie skakel wat in die res van die boek gedek word.

**Teorie van praktiese werk in Verbruikerstudies**

**Skakel met …** Hoofstuk 6 Entrepreneurskap

**Skakel met …** Hoofstuk 2 Voedsel en voeding

**Teorie van voedselproduksie**
- Identifisering, gebruik en skoonmaak van gevorderde toerusting en gereedskap
- Suurdeegprodukte
- Chouxdeeg
- Broskorsdeeg
- Verpakking, etikettering, berging en vervoer van tuisgemaakte voedselprodukte
- Oondgebakte koekies
- Koeke
- Fantasiekoeke
- Suiwelprodukte en eiers
- Suikerkookkuns
- Konfyt en blatjang
- Eierwitte

**Skakel met …** Hoofstuk 3 Die elemente en beginsels van ontwerp, Hoofstuk 4 Vesels en tekstielstowwe

**Teorie van kledingproduksie**
- Gebruik kommersiële patrone
- Effektiewe strykwerk tydens die naaldwerkproses
- Gevorderde naaldwerktegnieke
- Binnesakke
- Omkapmasjiene
- Insit van 'n ritssluiter
- Lyfbande
- Knope en knoopsgate

**Skakel met …** Hoofstuk 3 Die elemente en beginsels van ontwerp, Hoofstuk 4 Vesels en tekstielstowwe, Hoofstuk 5 Behuising en interieurs

**Teorie van sagte meublementproduksie**
- Gordyne en gordynvoerings
- Kussings

**Skakel met …** Hoofstuk 3 Die elemente en beginsels van ontwerp, Hoofstuk 4 Vesels en tekstielstowwe

**Teorie van breiwerk en hekelwerk**
- Breiwerk
- Hekelwerk

**Skakel met …** Hoofstuk 3 Die elemente en beginsels van ontwerp, Hoofstuk 4 Vesels en tekstielstowwe

**Teorie van lasplapkwiltwerk met die hand**
- Vierblok- en negeblokontwerpe

**Vereistes vir die maak van gehalte produkte vir kleinskaalse produksie**



OS Afr CS Gr 11 LB Promo final 23-4-12.indb 187 2012/04/23 11:54 AM